

## BIOSEKERHEID

# VEE-AGENTE: PAS DIÉ REÛLS GOU TOE

**DIE** Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) beveel aan dat alle agente wat vee bemark, hulself vertrouwd maak met die inhoud van die biosekerheidsmaatreëls vir lewendehawe-agente soos dit op 13 November in die *Staatskoerant* afgekondig is.

Daar is konsensus binne die RPO dat regstreekse verkope aan byvoorbeeld voerkrale en abattoirs ook gereguleer moet word.

Die biosekerheidsmaatreëls vir lewendehawe-agente is hoofsaaklik ingestel om te verseker dat die Suid-Afrikaanse lewendehawe- en wildbedryf aan die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) se kode voldoen om internasionale handel te verbeter.

Tweedens is die reëls daarop gemik om die lewendehawe-agentebedryf te reguleer, met spesifieke verwysing na voorsorgmaatreëls wat by veilings vereis word (as 'n tweede vlak van opsporing van dieresiektes) om die risiko van die verspreiding van beheerde, aanmeldbare en ander dieresiektes te verminder.

Hoewel die reëls van toepassing is vanaf die datum van afkondiging (13 November 2020), sal 'n bykomende grasietydperk van ses maande toegelaat word sodat alle agente hulself van die inhoud van die reëls kan vergewis, hul infrastruktuur en prosesse kan aanpas, en hulle op volkome nakoming voorberei. Die toepassing van die maatreëls moet voor of op 30 Junie afgehandel wees.

Elke lewendehawe-agent moet aan die volgende voldoen:

- Verpligte registrasie by die landbouprodukte-agenteraad (Apac). Dit sluit in lewendehawe-agente wat aanlyn en virtuele veilings aanbied.
- 'n Eksterne oudit van die veilingsgeriewe en alle biosekerheidsprosedures moet elke twee jaar deur 'n onafhanklike ouditeur onderneem word. Die Suid-Afrikaanse vleisbedryfsmaatskappy (Samic) sal dié rol vervul.
- Die verantwoordelikhede in afdeling 11 en 26 van die Wet op Dieregesondheid moet skriftelik aanvaar word. Die dokument van aanvaarding sal deel wees van die eksterne ouditproses. Die eerste verslag moet voor of op 31 Desember vanjaar gereed wees.
- Elke lewendehawe-agent moet 'n opgeleide biosekerheidspraktisyn aanstel wat by die Suid-Afrikaanse Veeartsraad (SAVC) geregistreer moet wees. Die biosekerheidspraktisyn is verantwoordelik vir die biosekerheidsplan en moet toesien dat aan alle minimum maatreëls ten opsigte van biosekerheid vir alle diere van verskillende oorsprong wat vir opveiling bymekaar kom, voldoen word.



Alle vee-agente moet teen 30 Junie vanjaar die nodige biosekerheidsmaatreëls instel en toepas. FOTO: LBW-ARGIEF

## REKORDDOUDING BY DIE VEILINGSPERSEEL

Elke lewendehawe-agent moet 'n betroubare en noukeurige rekordhoudingstelsel ten opsigte van biosekerheid op die veiling instel. Die stelsel moet verseker dat alle transaksies in ooreenstemming met ouditbare en opspoorbare prosesse uitgevoer word.

'n Dier wat vir verhandeling op 'n veiling bestem is, moet ten minste 24 uur voor die werklike veiling geregistreer wees.

Die kwitansie en verkope van vee word in die reëls uiteengesit. Die volgende dokumente moet die dier vergesel wanneer dit by die veilingsperseel aankom:

- 'n Oorspronklike, geldige artikel 6- en/of 8-dokument van die dier se eienaar.
- Afskrif van die brandmerkregistrasie-sertifikaat van die eienaar.
- Afskrif van die ID-dokument van die eienaar.
- Oorspronklike dieregesondheidsverklaring, wat ook met 'n bevestiging van 'n veearts vir die plaas van oorsprong en die spesifieke dier vergesel kan wees.
- Volledige besonderhede van die plek van oorsprong op die artikel 6-dokument: fisieke adres, naam van die plaas, nommer van die landmeter-generaal en plaasnommer, soos verklaar en geteken deur die eienaar van die dier, asook die eienaar of bestuurder van die plek van oorsprong.

## DIERE-IDENTIFIKASIE

'n Dier wat geverifieer en aanvaar word op

'n veiling moet voldoende en permanent gemerk wees met die eienaar se registrasiemerk in ooreenstemming met die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) en regulasies soos dit in die *Staatskoerant*, nr. 25732 van 21 November 2003, afgekondig is.

Voor 'n dier by 'n veiling afgelaai word, moet die lewendehawe-agent seker maak dat die geregistreerde brandmerk aan die eienaar behoort. Die brandmerk-sertifikaat en die ID van die eienaar of vervoerder van die diere moet nagegaan word.

Die volgende is ontoelaatbaar:

- Die aflaa van 'n dier by die aankomstlokaal sonder 'n geregistreerde merk is verbode. Indien die oorplaatjie vir elke dier se individuele identifikasie (soos deur die lewendehawe-identifikasie en -naspeurbaarheidstelsel bepaal) nie ooreenstem met die lys van diere in die oorspronklike verklaring van dieregesondheid deur die eienaar nie, mag so 'n dier nie afgelaai en by 'n veiling ontvang word nie.
- 'n Dier met 'n vars brandmerk mag nie afgelaai of aanvaar word nie.
- 'n Dier met nat verfmerke van 'n vorige veiling mag nie binne 28 dae van die vorige veiling aanvaar word nie.
- Die brandmerk of merk van 'n dier by die veilingsperseel is verbode.

Gevalle van 'n dier waarvoor daar agterdog bestaan, 'n dier wat nie aan brandmerkvereistes voldoen nie, en 'n dier wat moontlik gesteel is, moet onmiddellik by die SA Polisie diens se veediefstaleenheid aangemeld word. Die kontakbesonderhede en na-uurse besonderhede van die betrokke veediefstaleenheid moet by die veilingsperseel beskikbaar wees en vertoon word.

Die RPO het op 'n nasionale raadsvergadering besluit daar moet met mnr. Francois Knowles, hoofbeampte van die landbouprodukte-agenteraad (Apac), vergader word om die praktiese haalbaarheid en die toepassingsraamwerk van die reëls te bespreek.

'n Vergadering sal binnekort geskeduleer word met verteenwoordiging van die nege provinsiale RPO's en verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Lewendehawe Afslaaers (Safla).

Die volledige stel reëls is beskikbaar by [www.apacouncil.org.za](http://www.apacouncil.org.za). **LBW**



**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY  
TEL. 012 349 1102 | E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net) | WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za)